BRILL-HUIS GREY-KOLLEGE
KOSHUISREËLS

ALGEMEEN:

- Dit word van elke Brill-huis inwoner verwag om hierdie reëls te ken en te gehoorsaam.
- Die inwonende personeel sal die reëls van tyd tot tyd hersien en die hoogste gesag berus voortdurend by die skoolhoof en personeel.
- Waar twyfel bestaan t.o.v. toepassing, moet kosgangers die personeel spreek, asook in gevalle waar die reëls miskien nie voorsiening maak nie.
- Alle probleme moet met die inwonende personeel of die skoolhoof bespreek word. Niemand mag hulle ouers onnodig met hul (koshuis) probleme belas, alvorens dit nie met die personeel bespreek is nie.
- Niemand skakel sy ouers voordat hy nie eers die koshuisvader of skoolhoof oor die probleem gespreek het nie.
- Raadpleeg altyd eers die diensdoende onderwyser. As hy nie beskikbaar is nie, mag na van die ander personeellede gegaan word.

KLOKKE:

Die Huiskomitee is verantwoordelik vir die lui van alle klokke, wat stiptelik moet lui.

1. Opstaanklok lui om **06:00** (elektriese klok). Almal moet dan uit die bed wees.
   SILENCE / STILTE om **06:30.**

2. Alle beddens moet opgemaak en die kamers moet gereed wees vir inspeksie om **06:30**.

3. Die laaste ontbytklok (eetsaal) lui om **06:40**. Almal moet dan gereed en in hul rye wees om in die eetsaal te gaan vir ontbyt.
   Geen verskoning vir laatkommers of wegblyers nie.

4. Klokke vir middagete lui om **13:40 en 13:50**.

5. Na middagete is dit **SILENCE / STILTE** vanaf **14:30** en dit duur tot **15:15.**
   Tydens toetse en eksamens, word “stilte” deur “studie’ vervang.

6. Stortklok – (“showers”) lui: Maandae : **17:00**
   Res van week: : **17:15**

7. Aandete is om **17:45**.
   Kleredrag moet netjies wees: hemde met krae, kort- of langbroek en skoene is verpligtend – sweetpakke soos voorgeskryf op ander dae.

   Dit word van Brill-huis seuns verwag om na aandete tot voor studie buite die koshuis te speel en nie in hul kamers te gaan nie.

8. Aandstudietye is soos volg:

   18:30 - 19:30
   19:45 - 20:45
   21:00 - 21:30
   21:30 - Appèl

9. Na studie lui die stortbadklok (“showers out”) om **22:00**, “silence” **22:05** en ligte-uit (“lights out”) om **22:15**. Onderwyser besluit op tye, afhangend van hoe lank appèl aanhou.

10. Diegene wat laat-studie wil hê, moet die nodige toestemming by die diensdoende onderwyser kry. **23:00** – ligte uit vir “laat-studie”.

11. Na “lights-out”, moet daar absolute stilte in die koshuis wees en geen rondlopery word toegelaat nie. **Alle** ligte moet ook afgeskakel wees.

12. **Saterdag:**

Opstaan:	07:30
Ontbyt:	08:00
Appèl:	12:15
Middagete:	12:30
Appèl:	17:15
Aandete:	17:30
Appèl:	20:30

Res van die klokke soos die dag self sal bepaal.

13. **Sondag:**

Opstaan:	07:15
Ontbyt:	08:00
Appèl:	11:45
Middagete:	12:00
Silence:	14:00
Silence out:	16:00
Appèl:	17:15
Aandete:	17:30
Appèl:	20:30
Showers:	20:40
Silence:	20:50 (Besluit van onderwyser)
Lights out:	21:00



REËLINGS IN DIE KOSHUIS:

1. Bywoning van die eredienste van elke seun in sy eie kerkverband is verpligtend op Sondagoggende. Spesiale verlof van die diensdoende onderwyser kan verkry word om die aanddiens by te woon.

2. Die gebruik van sigarette en alkohol (drank) is ten strengste verbode.

3. Geen elektriese apparaat mag in die koshuis gebruik word nie, behalwe selfoon laaiers, radio’s en CD / MP 3 of 4 spelers. (Prefekte kan, met die nodige toestemming van die koshuisvader, wel elektrisiteit in hulle kamers gebruik.)

Laptops word alleenlik toegelaat vir skooltake en skoolverwante opdragte – geen speletjies / “games” mag gespeel word, of foto’s / flieks / DVD’s gekyk word nie – in hierdie geval sal die laptop gekonfiskeer word tot die einde van die betrokke kwartaal.

4. Indien eiendom van seuns wegraak, moet hulle dit dadelik aan die diensdoende onderwyser rapporteer. Eiendom moet altyd gemerk wees.

5. Geen spelery word op die stoepe of in die binnehof van die koshuis toegelaat nie. Hoegenaamd geen spelery binne die gebou nie.

6. Geen beddegoed, beddens of kaste mag verniel word nie.

7. Geen hardlopery in die gange nie.

8. Wanneer die toilette en badkamers gebruik word, moet seuns sorg dat dit altyd netjies en skoon is. Laat die plek in so 'n toestand as wat jy dit graag sou wou hê en respekteer mekaar se privaatheid.

9. Radio’s, CD of MP spelers, PSP’s en selfone mag nie gedurende stiltetyd, studietyd of na “ligte-uit” gebruik word nie. Gebruik van “laptops” tydens studietyd, mag alleenlik met toestemming van die diensdoende onderwyser geskied.

10. Niemand word toegelaat om die TV te gebruik sonder die toestemming van die diensdoende onderwyser nie.

11. Geen geraas of uitspattigheid sal binne of naby die koshuis geduld word nie.

12. Vensters in die koshuis moet nie onnodig oopgelaat word nie en geen deure in die koshuis word toegeklap nie.

13. Niemand mag gedurende pouses of skoolure in die koshuis wees nie..

14. Siektes moet soggens voor **06:30** by die Huisvader aangemeld word. Enige seun met enige besering of siekte, of iemand wat sleg voel, moet dadelik by Matrone aanmeld.
Indien iemand gedurende skoolure siek word, moet hy 'n briefie by die kantoor kry, dit na die koshuisvader toe neem, wat dan 'n ander briefie vir Matrone aan hom sal gee. Die briefie van die kantoor word dan aan die klaskaptein gegee en met die ander briefie gaan die sieke reguit na Matrone toe. Doktersafsprake word deur die Matrone gereël.

SLAAPKAMERS:

1. Kamers moet om **06:30** netjies en gereed vir inspeksie wees.

2. Kaste moet altyd netjies en gereed vir inspeksie wees.
Kaste moet altyd gesluit wees wanneer seuns nie in die kamers is nie. Merk alle persoonlike artikels duidelik. Die Skool / Koshuis kan nie verantwoordelik gehou word vir artikels wat breek, beskadig word of gesteel word nie.

3. **Geen seun mag sonder verlof in 'n ander se kamer ingaan nie**

4. Enige persoon wat homself skuldig maak aan **diefstal** van enige iets wat nie aan hom behoort nie, **bv. selfone of geld,** se ouers (en polisie indien nodig) sal onmiddellik deur die Skoolhoof gekontak word om sodanige oortreding summier te straf. **GEEN diefstal sal geduld word nie.**

5. **Wegsteek van ander se artikels** (bv. selfone, geld, boeksakke, ens), sal as "poging tot diefstal" beskou word. Moenie iets vat wat nie joune is nie.

6. Geen vrugte of ander eetgoed wat die vloere kan bemors, mag in die kamer geëet word nie.

7. Seuns is verantwoordelik vir die netheid van hul kamers.

8. Niks mag op die vloer of bo-op die kaste rondlê nie.
   Alle papiere, skille, ens. moet in die blik gegooi word wat in elke kamer voorsien word.
   Elke kamer het sy eie besem en skoppie om die vloere mee skoon te vee.

9. Eiendom wat in die kamers of studiesaal rondlê, sal geskut word.

10. Breekskade moet dadelik by die Huisvader en Matrone gerapporteer word.

11. Geen balle mag teen enige muur, binne of buite die gebou, gegooi word nie. Daar mag nie met balle in die koshuis gespeel word nie.

12. Beddens is daar vir kosgangers om op te lê of te slaap – daar word nie op beddens gespring nie. Respekteer die skool se eiendom.

13. Seuns word nie toegelaat om ooit ander seuns te boelie of te slaan of enige ander aktiwiteite toe te pas wat teen die wet of skoolreëls is nie.

14. Tydskrifte en enige ander materiaal of digitale materiaal (bv. selfone) in 'n seun se besit moet van so aard wees dat dit by die skoolreëls hou en 'n onderwyser dit nie hoef te konfiskeer nie. Geen pornografiese materiaal van enige aard word geduld nie.

15. **GEEN** persoon van buite die koshuis word in die koshuis toegelaat nie.

VERLOF:

Alle verlof is 'n voorreg en nie 'n reg nie!
Goeie werk en gedrag alleen kan verseker dat hierdie voorreg benut kan word.

1. 'n Seun mag elke naweek verlof neem. 'n Naweek begin direk na skool op 'n Vrydag en duur tot Sondagaand om 22:00 of net voor skool op Maandagoggend. Naweke word nie deur die skool vasgepen nie, behalwe kalenderlangnaweke, wat verpligte uit-naweke is.

2. 'n Seun mag ook Saterdag dag-uit verlof neem: Vanaf na ontbyt tot **17:15**.

3. 'n Seun mag ook Sondag dag-uit verlof neem: Vanaf net na die erediens tot **17:15** ("gewone dag") of tot **20:30** ("lang dag").

   - Indien 'n seun 'n Saterdag en 'n Sondag van 'n betrokke naweek daguit neem, tel dit as 'n naweek.
   - Bostaande verlof sal alleenlik toegestaan word indien 'n seun 'n skriftelike uitnodiging van die betrokke persone ontvang het.
   - Indien 'n seun vir 'n naweek na ander persone as sy ouerhuis toe gaan, moet 'n ekstra toestemmingsbrief van sy ouers die uitnodiging vergesel.

- Bostaande verlof (naweek/dag) word deur die Koshuisvader alleen toegestaan en vind op die Donderdag voor die betrokke naweek plaas. (In die geval van langnaweke, die dag voor die eerste dag van die langnaweek.)
- Die volgende inligting moet op 'n uitnodigingsbrief (via e-pos of faks) wees:
  Naam, adres, telefoonnommer van gasheer en datum van verlof (in die geval van verlof huistoe, hoef net die datum te verskyn). Hierdie uitnodigings moet in alle gevalle deur die ouer/gasheer onderteken wees.
- **Verlofbriewe <u>MOET</u>** voor **18:30** Donderdagaande by die Huisvader wees.

4. **Seuns mag onder GEEN omstandighede die skoolgronde verlaat sonder die toestemming van 'n onderwyser nie (tensy in geval van nommers 7 en 8)**.

5. Seuns moet nadat hulle van funksies of Stadsverlof op Saterdagaande terugkom, by die onderwyser aan diens rapporteer. Dit geld ook vir seuns wat met spesiale toestemming sekere aande die koshuis verlaat.

6. Geen verlof word toegestaan wanneer skoolfunksies plaasvind nie.

7. Saterdagoggende en -middae mag seuns die skoolterrein sonder enige spesiale verlof verlaat, maar hulle moet sorg dat hulle betyds terug is vir appèl.

8. Seuns mag die skoolterrein ook Sondagmiddae, net na stiltetyd verlaat en moet betyds terug wees vir appèl om **17:15**.

9. Verlof na die stad of enige ander plekke gedurende die week, word alleen in dringende gevalle deur die diensdoende onderwyser net na middagete gegee.
   Sulke verlof word slegs een keer per week aan 'n seun toegestaan.

10. Seuns moet **<u>te alle tye</u>** hul persoonlike veiligheid en ander se veiligheid in ag neem en in groepe van **<u>minstens 3</u>** beweeg wanneer hulle die terrein verlaat, veral in geval van nommers 7 en 8. Hou by die bekende, bly in groepe en wees altyd waaksaam **(selfs wanneer jy 'n kleedkamer besoek of langs die pad stap).**

ALGEMEEN - TEN SLOTTE:

1. Geen seun mag die koshuis na ligte-uit verlaat nie.

2. Geen verlof sal gedurende studie toegestaan word aan iemand om iets by maats te leen of uit te vind nie - want gedurende studie word gestudeer!

3. In die studiesaal sal altyd stilte en orde gehandhaaf word!

4. Die prefek aan diens sal sorg dat alle ligte afgeskakel word en dat die studiesaalvensters en ander buitevensters toe is.

5. Kleredrag word in die prospektus bepaal en seuns moet toesien dat hulle ten alle tye netjies voorkom en hare netjies en kort is. (Geen oorringe of neusringe ens.)

6. Seuns moet altyd netjies wees, maar wanneer seuns die terrein verlaat in skooldrag, moet daar gelet word dat hemde ingesteek is, skoene skoon is en algemene netheid toegepas word.

7. GEEN kougom word gekou – veral nie wanneer seuns in skooldrag is nie - en veral nie in die publiek nie.

8. Die gebruik van **sigarette, dwelms of alkohol** is VERBODE – geen rook of drank of enige ander middels wat jou gesondheid of beeld skade kan berokken word toegelaat nie. **Skuldig bevinding = skorsing uit koshuis.**

9. Goeie gedrag en tafelmaniere moet in die eetsaal aan die dag gelê word.

10. Moet geen groot bedrae geld of waardevolle artikels in jou kamer of kas laat nie. Gee liewer aan Matrone vir veilige bewaring.

11. Alleenlik prefekte word op die balkon toegelaat.

12. Geen wasgoed bv. sokkies mag by die vensters uitgehang word nie.

13. Groet jou meerderes en staan op as volwassenes by jou verbygaan.

14. Wanneer ’n vreemde persoon buite die koshuis is, moet daar dadelik iemand van karrediens **(14:00 – 17:00)** wat aan diens is, gaan verneem of hy so ’n persoon nie kan help nie.

15. Selfone is ten alle tye die verantwoordelikheid van die leerling en moet altyd op ’n veilige plek gebêre word. Pas jou selfoon op! Sluit jou selfoon asb. weg as dit nie by jou is nie. Moenie jou selfoon laat rondlê nie.

16. Geen telefoonoproepe mag gedurende studietye en na die stiltetyd klok gemaak of ontvang word nie.

17. Bespaar elektrisiteit deur jou kamerlig gedurende die dag (of as jy nie daar is nie), af te skakel.

18. Dink altyd aan die ander persoon voordat jy iets doen en respekteer mekaar en mekaar se besittings deur jou taalgebruik en optrede.

19. **JY** is deel van ’n skool en koshuis wat vir jou omgee – moenie huiwer om probleme of ongerymdhede met jou prefekte, personeel of koshuisvader te bespreek nie.

ONTHOU: Jy is altyd ’n Grey-seun en jou optrede moet ten alle tye jou skool waardig wees.

BRILL HOUSE GREY COLLEGE
HOSTEL RULES

GENERAL:

- It is expected of every Brill House boy to know and to obey these rules.
- The resident staff will revise these rules from time to time, and the highest authority always rests with the headmaster and resident staff.
- If there is any doubt about the application of the rules, boarders must see the staff about it, as well as in cases where the rules may not cover certain situations.
- All problems must be discussed with the headmaster or resident staff. No one must burden their parents unnecessarily with their problems if they have not discussed it with the staff beforehand.
- No one phones his parents about a problem if it has not been first discussed with the housemaster or headmaster.
- Always consult staff on duty first. If he is not available, you may go to one of the other teachers.

BELLS:

The house committee is responsible for the ringing of all bells, which must be done exactly on time.

1. Rising bell goes at **06:15** (electric bell). Everyone must then be out of their beds. **SILENCE** at **06:30**.

2. All beds must be made and the room must be ready for inspection at **06:30**.

3. The last breakfast bell (dining hall) goes at **06:40**. Everyone must then be ready and in their rows. No excuses for not being on time or absent.

4. Bells for lunch ring at **13:40 and 13:50**.

5. After lunch, it is **SILENCE** from **14:30** until **15:15**. During tests or exams, silence will be replaced with "study".

6 Shower bell: Mondays : **17:00**
Rest of the week : **17:15**

7. Supper is at **17:45**.
Code for dressing - neat: shirts with collars, short pants or trousers and shoes and socks are compulsory – tracksuits as prescribed on other days.

It is expected of Brill House boys to play outside the hostel after supper, before study and not to stay in their rooms.

8. Evening study times are as follows:

18:30 - 19:30
19:45 - 20:45
21:00 - 21:30
21:30 - Roll-call

9. After study “showers out” will ring at **22:00**, silence at **22:05** and “lights out” at **22:15**. The teacher will decide upon times - depending on the duration of the “roll-call”.

10. Those who want “late study” must get the necessary permission from the teacher on duty. **23:00** – “lights out” for “late study”.

11. After “lights out” there must be absolute silence in the hostel and nobody is allowed to walk about in the hostel. **All** lights must be switched off.

12. **Saturday:**

Rising bell:	07:30
Breakfast:	08:00
“Roll-call”:	12:15
Lunch:	12:30
“Roll-call”:	17:15
Supper:	17:30
“Roll-call”:	20:30

The other bells will be rung as the day itself determines.

13. **Sunday:**

Rising bell:	07:15	
Breakfast:	08:00	
“Roll-call”:	11:45	
Lunch:	12:00	
Silence:	14:00	
Silence out:	16:00	
“Roll-call”:	17:15	
Supper:	17:30	
“Roll-call”:	20:30	
Showers:	20:40	
Silence:	20:50	(Decision lies with teacher)
Lights out:	21:00	

RULES IN THE HOSTEL:

1. Attendance of the church service of each boy's own church is compulsory on Sunday mornings. Special permission from the teacher on duty may be obtained to attend the evening service.

2. Smoking (cigarettes etc.) and drinking (any alcohol) is strictly forbidden.

3. No electrical appliance may be used in the hostel, except for cell phone chargers radio's and CD / MP 3 or 4 players. (Prefects may, with the necessary permission of the Housemaster, use electrical appliances in their rooms.) Laptops may only be used for school projects or school related homework – no games may be played. No pictures, movies or DVD's may be watched on laptops – if the laptop is used for anything rather than school projects, it will be confiscated for the rest of that specific term.

4. If a boy's property gets lost, it must be reported immediately to the teacher on duty. Please mark / tag belongings.

5. No playing is allowed immediately in front of the hostel or in the quad. Absolutely no playing inside the building.

6. No bedding, beds or cupboards may be abused.

7. No running in the corridors.

8. When using the toilets or bathrooms, you must see to it that the place is always neat and tidy. Leave the place in the state you would wish to find it. Always respect the privacy of others, especially in the bathrooms.

9. Radios, CD or MP players, PSP's or cell phones, may not be used during silence, study or after "lights out". The use of laptops during study is only allowed with permission from the teacher on duty.

10. Nobody is allowed to use the TV without the permission of the teacher on duty.

11. No noise or unnecessary disturbances will be tolerated inside or near the hostel.

12. No windows in the hostel must be left open unnecessarily and no doors inside the hostel will be slammed.

13. Nobody may be in the hostel during breaks or school hours
    If it is absolutely necessary that boys must be inside the hostel, permission must be obtained from the teacher on duty or a prefect.

14. Illnesses must be reported in the mornings to the Housemaster before **06:30**. Any boy with any injury or illness, or who is not feeling well, must report to the Matron immediately. If anybody becomes ill during school time, he must get a letter from the office, take it to the Housemaster, who will give him a note to give to Matron.
    The letter from the office is given to the class captain and you then go straight to the Matron with the note from the Housemaster. Medical appointments will be arranged by the Matron.

DORMITORIES:

1. Rooms must be neat and ready for inspection at **06:30**.

2. Cupboards must always be neat and ready for inspection.
   Cupboards must always be locked when boys are not in their rooms. Tag or mark all personal belongings. The School / Hostel cannot be responsible for any personal items that gets damaged or stolen.

3. **No boy may enter another boy's room without permission.**

4. Any person committing **theft – taking something that does not belong to him – e.g. cell phones or money** must note that his parents (and police if necessary) will be contacted by the Headmaster in order to punish this offence immediately. **NO stealing will be tolerated.**

5. **Hiding of other boys stuff or items that do not belong to you** (e.g. cell phones, money, bookcases, etc.) will be treated as "an attempt to steal." Do not take anything that does not belong to you.

6. No fruit, or other food that will mess up the floors, may be eaten inside the rooms.

7. Boys are responsible for the neatness of their rooms.

8. Nothing may be left lying on the floor or on top of the cupboards.
   All papers, peels, etc. must be thrown inside the drum which is provided in every room. Each room has its own broom and scoop to use to clean the floors.

9. Property lying around in the rooms or study hall will be impounded.

10. Breakages must be reported to the Housemaster and Matron immediately.

11. No ball may be thrown against any wall inside or outside the building. No playing with balls in the hostel.

12. Beds are there for boarders to sleep on - they are not trampolines.

13. Boys are not allowed to "bully", hit, abuse their power or do anything that is against the law or rules of the school.

14. NO magazines or any other material or digital material e.g. cell phones will be tolerated with material that is against the law or rules of the school.
    NO pornographic materials will be tolerated.

15. **NO** person from outside the hostel will be allowed inside the hostel.

LEAVE OUT:

All "leave out" is a privilege and not a right!
Only good work and behavior can ensure that this privilege be used.

1. A boy may leave the hostel every weekend. A weekend starts just after school on a Friday and ends on a Sunday evening at 22:00 or just before school on a Monday. Weekends are not stipulated by the school, except in the case of calendar long weekends, which are compulsory "out weekends".

2. A boy may also go "day out" on a Saturday: from just after breakfast to **17:15**.

3. A boy may also go "day out" on a Sunday: from just after the church service to **17:15** ("ordinary day") or **20:30** ("long day").

   - If a boy takes the Saturday and the Sunday during the same weekend as "day-out", it counts as a weekend.
   - Permission for the above "leave out" will only be granted if the boy has received a written invitation from the people concerned. If a boy goes to people other than his parents for a weekend, an extra letter of permission from his parents must accompany the invitation.
   - The above leave out (weekend/day) is given by the House Master only and is given on the Thursday prior to the weekend concerned. (In the case of long weekends, the day before the first day of the long weekend.)
   - The following information must be in a letter of invitation (email or fax): Name, address, telephone number of host and date of "leave out" (in the case of "leave out" to home, only the date has to be on it). These invitations must be signed by the parent/host in all cases.
   - **Letters** to obtain leave, **MUST** be handed to the Housemaster before **18:30** on Thursdays.

4. **Under no circumstances may boys leave the school grounds without the permission from a teacher (except for numbers 7 and 8 below).**

5. After attending functions in town or "Stadsverlof" on Saturday evenings, boys must report back to the teacher on duty. This also applies to boys who received special permission to leave the hostel during a certain evening.

6. No permission for "leave out" will be granted in case of a school function.

7. Boys may leave the school grounds without getting special permission on Saturday mornings and afternoons, but they must see to it that they are in time for "appèl".

8. Boys may also leave the school grounds on Sunday afternoons, after silence and they must be back in time for "appèl" at **17:15**.

9. Permission to go into town or other places during the week, will only be granted just after lunch by the teacher on duty for urgent cases. Such "leave out" is granted only once per week to a boy.

10. Boys must be **aware of their own safety** and the safety of other boys **at all times**. Do not leave the school grounds unless you are part of a group of **at least 3** other boys, especially as mentioned in numbers 7 and 8 above. Always keep to familiar places, stay in groups and be aware of potential danger **(even when using a restroom or crossing the road).**

GENERAL - IN CONCLUSION:

1. No boy may leave the hostel after “lights-out”.
2. No permission will be granted during study to borrow from friends or to ask something - because during study times you must study!
3. Order and silence in the study hall!
4. The prefect on duty will see to it that all lights are switched off and that the windows of the study hall and other outside windows closed.
5. Code of dress is stipulated in the prospectus and boys must see to it that their appearance is neat at all times. Hair must be short and neat (no ear studs or nose rings, etc.)
6. Always make sure that your shirt is tucked in and that your shoes are clean especially before leaving the school grounds.
7. NO chewing gum is allowed – especially when wearing school uniforms – or when you are in public.
8. The use of cigarettes, drugs or alcohol is prohibited. Boys are not allowed to smoke or drink any alcohol or use any substances that can be dangerous to their health or damage their image. If found guilty = suspension from hostel.
9. Good behavior and manners must be displayed at all times in the dining hall.
10. Don't leave anything of great value or large amounts of money in your cupboards. Rather give it to Matron for save-keeping.
11. Only prefects are allowed on the balcony.
12. No laundry e.g. socks may be placed in windows.
13. Always greet senior people and stand up when grownups are moving past you.
14. When someone other than hostel people is outside the hostel, the person on “karre duty” **(14:00 – 17:00)** must immediately enquire if you can be of some assistance.
15. Cell phones are at all times, your own responsibility. Always keep your cell phone in a safe place. Always lock your cell phone in a cupboard if you do not carry it with you. Do not leave your cell phone lying around.
16. No telephone calls may be made or received during study times or during “silence”
17. Save electricity by switching off the light in your room during the daytime or when you are not in your room.
18. Always consider your fellow man before doing anything. Always respect each other, each others belongings also respect other boys in the hostel in your manner of speaking and doing.
19. **YOU** are part of a school and hostel that cares for you – never hesitate to contact the prefects, staff or Housemaster if you have any problems or to discuss any irregularities or concerns.

REMEMBER: You are always a Grey boy and your actions must always be worthy of your school.